

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 03 Oct 2018
Page: 8

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Noord
Metro
Sport



Jean Grobler (met die bal), Naka Bulle se voorste losskakel, sal een van sy span se troefkaarte in die Goue Beker-reeks wees. Hier is hy in aksie in die Superliga-wedstryd teen Impala.
Foto: JOHANNA DE VOS

# Naka Bulle begin reeds vir 2019 voorberei

**Morris Gilbert**

Naka Bulle se aanslag op die nasionale klubkampioenskapstitel begin Maandag in alle erns wanneer die Mooters begin voorberei vir die Goue Beker-reeks van 2019.

Naka verteenwoordig die Blou Bulle die eerste keer in dié kompetisie nadat Pretoria-Polisie in 2016 en Quins-Bobbies verlede seisoen die Ligblou-vaandeldraers was.

Naka se toer in November na Zimbabwe vir twee wedstryde teen dié land se nasionale senior en o.23-span maak volgens Marinus van der Wattt, die direkteur van rugby, 'n belangrike deel van hul Goue Beker-meesterplan uit.

"Niemand kan verwag dat ons spelers topfiks sal wees nie, maar die wedstryde in Zimbabwe gaan eerstens om reeds in die voorseisoen teen gedugte teenstanders getoets te word en ook ons jonger spelers in die o.23-span aan hoëdruk-wedstrydsituasies bloot te stel," meen Van der Watt.

Naka se jonger en minder ervare spelers sal juis 'n belangrike rol speel in tot watter mate Van der Watt en sy afrigtingspan daarin slaag om die afwisseling van spelers as belangrike bondgenoot te gebruik.

"Ons kan nie net op ons senior spelers staat maak om die wa deur die drif te trek nie. Ons moet hulle baie oordeelkundig bestuur om die gevaar van uitbranding te voorkom. Dit is waarom ons betyds genoeg jong spelers moet identifiseer om as hul adjudante op te lei," sê Van der Watt.

Hy laat geen twyfel dat die 2018-seisoen 'n belangrike slypskool vir sy span was omdat "ons etlike duur lesse geleer het".

Naka het in sowel die Carltonbeker- as Superliga-eindstryd die knie voor UP-Tuks gebuig en was te veel verspeelde kanse, te min diepte in sleutelposisies en minder akkurate stelskopwerk elke keer deurslaggewend.

"Ons sal beslis ons diepte in posisies soos losskakel en slot moet aanvul, maar vir eers is daar geen haas in die soeke na nuwe talent nie. Ons kan dalk net geholpe raak met van die spelers wat die Blou Bulle van hul kontrakte vrystel, asook dié jong sterre wat deur ons akademie-program opgelewer word," meen Van der Watt.

Met Sylvester Booysen se loopbaanskuif van die HS Menlopark na die HS Ben Viljoen in Groblersdal moet 'n nuwe kaptein gekies word. Die veterane Louis van Biljon en Anton Beswick kan sterk aanspraakmakers wees.

Oor die Goue Beker-reeks se formaat vir 2019, wat op 15 Maart begin, is maar min bekend. Daar word egter bespiegel dat die SA Rugby-unie 'n model voorstaan waar spanne in die groepfase van die reeks so min as moontlik ver reis.

Dit kan beteken dat Naka in dié geval teen die kampioene van die Goue Leeus, Valke, Luiperds, Pumas en Limpopo te staan kan kom.

"Dit maak nie saak teen wie ons uiteindelik te staan kom nie, want ons sal só voorberei asof daar nie een maklike ligawedstryd wag nie. Daarom moet ons die teenstanders in ons opwarmwedstryde noukeurig kies sodat hul hoë vlak van mededingenheid ons elke keer beter toerus vir die groot taak wat voorlê," sê Van der Watt.

Nog net een opwarmwedstryd, dié teen UP-Tuks se Varsitybeker-span op 26 Januarie, is al bevestig.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.